Vuurwapens

"Die fasinering van skietkuns as sport hang amper alleenlik daarvan af of jy aan die regte of verkeerde kant van die wapen is."
- P.G. Wodehouse

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met die hantering van en wetgewing aangaande vuurwapens.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Die Verkenner sal deur die aanbieding van hierdie spesialisasie vaardighede in die veilige en verantwoordelike hantering van vuurwapens aanleer wat die jeuglid sal lei in sy ontwikkeling tot 'n verantwoordelike landsburger.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 dag	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in groepsverband afgehandel word. • Verkenners onder die ouderdom van 18 jaar mag uitkoms 9 slegs uitvoer in die teenwoordigheid van sy ouer. • Die aanbieder van die praktiese deel moet gemagtig wees om dit te doen.		
Toekennings instansie:	Kommando, Gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die herkoms van vuurwapens.*
2. *Kennis hê van soorte vuurwapens (klassifisering).*
3. *Kennis dra van die gebruike van vuurwapens.*
4. *Die werking van 'n vuurwapen verstaan en kan verduidelik.*
5. *Die werking van ammunisie verstaan.*
6. *Vertroud wees met die instandhouding van 'n vuurwapen.*
7. *Vertroud wees met die huidige vuurwapenwetgewing en amendamente.*
8. *Die veiligheidsmaatreëls ken en kan toepas by die gebruik van vuurwapens.*
9. *Ten minste **een** skoot met elk van die volgende wapens kan afvuur:*
   - *9.1 Rewolwer.*
   - *9.2 Koeëlgeweer (groter as 'n .22-kaliber).*
   - *9.3 Haelgeweer.*
   - *9.4 Pistool.*
10. *Vertroud wees met die veiligheidsmaatreëls op die skietbaan en dit kan toepas.*
11. *Bogenoemde vuurwapens kan skoonmaak.*